

# Donderdag 3 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 15:35 –  
16:5

Fokusgedeelte: Handeling 15:39

## **Sien die werking van die Gees raak**

Die hartseer verhaal van die kerk. Dat gelowiges mekaar kan afstoot oor dinge wat vroeër gebeur het. Net omdat die een nie soos die ander opgetree het nie. Markus het tydens die eerste sendingreis nie voluit saam met Paulus gegaan nie. Hy het op 'n stadium teruggedraai. Hy het nie in sy geloof omgekeer nie, want ons vind hom later weer besig in gemeentes. Maar dat hy teruggegaan het, het Paulus, mens wat hy was, nie vergeet nie. Daarom vertrou hy nie vir Markus nie.

Dit is die werklikheid van die kerk van Christus, want ons is net maar mens. 'n Mens met eiesinnigheid wat moeilik by die eenheid in Christus pas. Erken maar. Soms is daar skinder of verdag maak of nie vertrou nie. Soms maak mense dat dit moeilik is om hulle te vertrou. Dit is so. In die laaste oorlog was daar 'n duidelike skeiding in die Afrikaanse kerke. Die soldaat wil nie saam met die teenstanders van die oorlog nie, en andersom. Hulle sit in dieselfde kerk. Gebruik saam nagmaal, maar praat skaars met mekaar. Meeste van ons ken daardie gevoel.

Hierdie gebeure in Handeling 15 moet ons waarsku en moet die oë laat oopgaan. Ons besit saam 'n kosbare gemeenskap in Christus. Kosbaar omdat dieselfde Gees in al die gelowiges werk. Saamgebind deur die Gees. Natuurlik is ons mense met eie idees en voorkeure. Ons is nie fabriekoutomate nie. Maar deur Christus kan ons, moet ons, deur alle verskille mekaar sien as medebegenadigdes. Ons moet die werking van die Gees raaksien.

*Sing: Skrifberyming 15-1:3, 4*

*Dr. JM van Tonder (Kobus) (Emeritus)*